

Simon lê sommige verse van Hooglied uit

171

Ek sê: "Voortreflik! As Ek jou en julle almal Self die verse van Hooglied met daarnaas, ter verge-lyking, My aanmaning op die berg sou uitgelê het, sou Ek selfs heeltemal dieselfde woorde gebruik het. Jy het daarom tot My volle tevredenheid die korrekte uitleg van die goeie saak gegee. Maar omdat jy nou tog al Hooglied-uitlêer geword het, sou jy jou miskien aan nog 'n paar verse van die eerste hoofstuk kon waag! Of is daar iemand anders onder julle wat dit sou kon doen?"

[2] Almal sê: "Meester, hoewel ons onder die indruk verkeer dat ons dit sou kon doen, kan ons dit tog nie doen nie!"

[3] Simon sê: "O Meester, dit is vir my nou glad geen probleem meer nie; opeens is ek nou baie goed daartoe in staat en verseker op 'n volkome korrekte manier!"

[4] In 'n volgende vers staan: 'Ek is swart, maar baie lieflik, dogters van Jerusalem, soos die hutte van Kedar, soos die tapyte van Salomo.' As dit in gewone woorde vertaal word, kan dit tog niks anders beteken nie as: 'Ek, die Meester, is nou in die wêreld by julle blinde en op velerlei wyse hoogmoedige mense en julle ken My meestal nie en Ek word deur julle leiers van die volk diep verag en tog is Ek vol diepe nederigheid en sagmoedigheid en liefde vir julle, dogters van Jerusalem!'

[5] Wie is die dogters van Jerusalem? Dit is die hoogmoed, die trots, en die heers- en hebsug van die nakomelinge van Abraham; dit is die opgesmukke dogters van Jerusalem, waarvoor egter die veragte, en dus vir hulle swarte, Meester, die eerste mens van alle mense, tog genadig en barmhartig is, en liefliker en meer vol liefde is as die hutte van Kedar, wat daar van buite erbarmlik sleg uitsien, maar wat van binne tog ryklik uitgerus was met allerlei skatte om onder die goeie armes en noodlydendes te verdeel en ook heerliker as die mees waardevolle tapyte van Salomo, wat van buite aan die bokant bestaan uit 'n donkergrys, harige stof, maar wat aan die onderkant en van binne bestaan uit die kosbaarste Indiese kant, deurweef met die fynste goud.

[6] Verder staan daar: 'Kyk my nie so aan omdat ek so swart is nie (voor julle dogters van Jerusalem), want die son (julle wêreldse trots) het my verbrand (voor julle hoogmoedige, wêreldse gesigte)! Die kinders van my moeder is toornig op my.' Wie anders kan U Moeder in U wees, o Meester, as U Ewige Wysheid, soos wat die Vader in U U Ewige Liefde is?! U Moeder is ook terselfdertyd U ewige orde waarvan die, netsoos U, o Meester, toornige kinders die ewige, oneindige ruimte vul en hul toorn uiter deur die groot wanorde van die kinders van Israel te orden.

[7] Want hierdie gewyde orde 'het die mens as behoedster van die wynberge aangestel', wat beteken: U wil saam met al U hemelse magte het deur wette hierdie orde aan die mense gegee, sodat die wynberge daardeur, wat die mense-gemeenskappe is, binne die hemelse orde sou bly.

[8] 'Maar my wynberg, wat ek gehad het, het ek nie beskerm nie!' Dit wil soveel sê as: 'My ewige, Goddelike, toeganklike hoogte en diepte het Ek buite die vloed geplaas!'; waarvan hopelik vir elkeen U hoogs toeganklike teenwoordigheid hier tog die sprekendste

getuienis gee. U hoogste en toeganklikste en stralendste hemele het U verlaat om hier in die diepste nederigheid, dus swart vir die kinders van hierdie aarde, te verskyn en die goeie armes in U kamer in te lei, in die goeie hut van Kedar in. O Meester, sê my nou of ek die twee verse wat U nog daarby verlang het, ook goed beoordeel het!"

[9] Ek sê: "Heel korrek; gee ons daarom by dié vyf ook nog die uitleg van die sesde!"

[10] Simon sê: "U sy ewig my volle liefde en my innigste dank, omdat U, o Meester, vir my, 'n jong seun, in U barmhartigheid en liefde waardig ag om hier vir hulle wat U liefhet die verborge geheime te ontsluit wat, sedert hulle geskryf is tot op hede, nog niemand ontsluit het nie! My siel verheug haar uitermate oor hierdie barmhartigheid. Dit wil egter nie sê dat sy daarom hoogmoedig is nie; intendeel, ek word maar net steeds deemoediger hoe meer Ek U alles en my totale niks, insien en begryp. Maar U, o Meester, weet wel dat ek steeds moeite het met my gevoel vir humor, en die heerlike wyn wakker die neiging nog meer aan en daarom kan ek hier by die gevraagde sesde vers nie nalaat, hoe ernstig dit ook is, om 'n bietjie humor toe te voeg nie."

[11] Ek sê: "Sê wat jou hart jou ingee en soos wat jy gewoon is om te praat!"

[12] Simon gaan verder: "As Salomo, of sy met alle wysheid gevulde siel, geleentheid sou gehad het om hier in ons midde te wees, dan sou hy die sesde vers seker nie geskryf het nie, want in die sesde vers sê Salomo: 'U, wat my siel liefhet, vertel my waar U vertoef, waar U smiddags rus, sodat ek nie hoef te soek by die kudde van U metgeselle nie!' Want Salomo, en deur hom die siel van sy volk, sou U sekerlik gevind het terwyl U besig was om U skape soggens, smiddags, saans en ook om middernag aan die behoed was; dus altyd besig en nie slegs smiddags rustend nie!"

[13] Ek bedoel dat die ewige middag van U rus - die oneindige lang tydsduur waarin U nie soos nou, Self met die mense omgaan nie, maar hulle aan U metgeselle oorgelaat het wat steeds dommer en hoogmoediger geword het - nou verby is, en 'n nuwe en ewige lewensmôre het vir ons aangebreek, en wie U herken het, sal U gewis nooit hier en daar gaan soek by U nou baie dom en lui geworde metgeselle nie.

[14] Wat dink U, o Meester: het ek ten minste in die geheel die korrekte betekenis aangeraak?"

[15] Ek sê: "Ondanks die humor, wat jy hier heel paslik ingevoeg het, ook hier volmaak! Omdat ons nou egter gesien het dat ook die Hooglied van Salomo ontsluit kan word en jy, Simon, self heeltemal 'n ander mening daarvoor gekry het, moet nou ook jou korrigeerder, Gabi, iets ten beste gee. Ek sou graag uit sy mond wou hoor waarom hy so ingenome was met die Hooglied van Salomo sonder om ook maar iets daarvan te verstaan! Gabi, open daarom jou mond, en vertel ons iets daarvoor!"

Gabi beken sy domheid en ydelheid

172

Gabi staan op, maak 'n diep buiging en sê dan met 'n uiters bewende stem wat selfs die Romeine, wat andersins baie ernstig was, 'n bietjie laat glimlag: "O Majesteit en Meester! Ek was nooit op roem uit

gewees nie, want daar het ek nooit voor gevoel nie en daarom soek ek ook hier des te minder roem en ek wil eintlik my hele lewe lank al nie beroemd gewees het nie en omdat ek geen roem soek en wil hê nie, sê ek liewer niks nie en hou ek my mond! Ek is nou dan ook al klaar met wat ek te sê het!"

[2] Onwillekeurig sê Simon toe: "Aha, wat is dit nou? Andersins praat jy graag heelwat. Orals wil jy jou voordoen as belangrikste spreker en was jy glad nie afkerig daarvan om geroem te word nie?! Merkwaardig!"

[3] Gabi sê: "Ek doen wat ek doen en daar hoef jy jou glad nie oor te bekommer nie! Van mens tot mens is praat maklik, maar hier is Elohim en hier is engele aanwesig en dan moet 'n menslike stem nie te vrypostig word nie, maar heel deemoedig en beskeie swyg! Ek heet Gabi, die stille en nie Simon, die vrypostige nie!"

[4] Glimaggend sê Cyrenius: "Aha, hinc illae lacrimae! (Vandaar die trane) Kyk, kyk, die jong man soek geen roem nie, maar skyn tog baie verontwaardig te wees omdat sy metgesel, Simon, met die uitleg van Hooglied, o Meester, U welgevalle verwerf het! Waarlik, dit geval my glad nie van Gabi nie!"

[5] Selfs Jara sê: "My geval dit ook nie! Want vir my gee dit maar net baie vreugde as ek merk dat by iemand die liefde en barmhartigheid van die Meester hom in sy siel wonderbaarlik begin openbaar; maar die lafhartigheid van 'n siel is weersinwekkend. Wie deur die Meester uitgenooi word om te praat, maar nie wil nie, moontlik uit valse skaamte en dan sê dat hy geen roem soek nie, lieg teenoor homself en alle ander, en lieg is iets baie leliks!"

[6] Dan sê Simon weer: "Staan op en regverdig jou gedrag en gee die Meester antwoord op Sy gewyde vraag!"

[7] Toe staan Gabi weer op en vra om verontskuldiging omdat hy so pas so dom met die Meester gepraat het. As die Meester dit nog sou verlang, wil hy nou antwoord.

[8] Ek sê: "Wel, praat! Want Ek het die vraag wat Ek tot jou gerig het nog lank nie as ongeldig teruggetrek nie; intendeel wag ons almal nog op 'n beskeie antwoord van jou! Praat dus en vertel wat jy weet!"

[9] Gabi sê: "Omdat vir my die vraag gestel word waarom ek, ondanks dat ek dit ook nie begryp nie, 'n liefhebber van die Hooglied van Salomo is, wil ek die rede van hierdie liefhebber van my hier wel openlik vertel, hoewel ek ten slotte self na waarheid moet bekennen dat ek eintlik glad geen rede daarvoor het nie, dit wil sê, ek bedoel geen goeie rede nie, as ek oor 'n rede praat. Want iets wat dom en in wese sleg is, kan nooit gesien word as die eintlike rede vir 'n bepaalde gedrag nie, omdat iets wat sleg is uit pure sand bestaan, wat nooit kan dien as stewige grond vir 'n huis nie, geestelik of natuurlik geneem. Wel, wat was dan die eintlike, oorspronklike rede vir my liefhebber met betrekking tot die 'Hooglied van Salomo'? Niks anders nie as, soos wat ek dit nou sien, verborge groot domheid en ydelheid!"

[10] Ek wou nie net by my kollegas nie, maar ook by alle ander mense deurgaans vir 'n wyse man, goed onderlê in die Skrif en daarom het ek uit die hele Skrif juis dít as liefingstudie verkies waarvan ek die oortuiging gehad het dat dit deur die hele skare skrifgeleerdes, net so min as deur myself, verstaan word. Ek was egter baie skrande en lyk vir die skyn heel verstandig, ernstig en wys.

[11] Dikwels vra mense my, as die mense my met 'n bedrieglik opgewekte gesig sien lees in Hooglied, of ek dan werklik die onontwarbare mistiek van die lied verstaan. My antwoord lui heel kort: 'Watter dwaas lees dan voortdurend dinge wat hy onmoontlik kan verstaan? As ek die verhewe mistiek van die lied nie verstaan nie, sou ek tog wel 'n dwaas wees om dit te lees en sou die gelese gedeelte, as ek dit netsoos julle nie sou verstaan nie, my innerlik ontroer?!' Mense dring by my aan, mense besweer my, ja mense bedreig my om tog in elk geval my insig aan die hoëpriester mee te deel. Maar dit help almal niks, want ek was goed in die versin van allerlei uitvlugte en verontskuldigings, en ek was daarom deur niks te beweeg om iets van my geheime te verrai nie, wat des te makliker was omdat ek ook geen sulke geheime gehad het nie.

[12] Slegs Simon, as my intiemste vriend, het geweet, maar slegs ten dele, hoe dit met my Salomoniese wysheid daar uitgesien het. Hy hou my dít dikwels voor en toon vir my aan dat ek met die Hooglied van Salomo of myself of die wêreld vir die gek hou. 'Want', sê hy dikwels vir my, 'dink jy miskien dat jy, terwyl jou orige kennis en ervaring in alles beperk is, die Hooglied sal verstaan omdat jy dít so moeisaam uit jou kop geleer het?!' Maar ek probeer dít hom tog half te laat glo deur te sê dat ek juis 'n voorliefde het vir die diepste, onduidelikste en mees duistere geheime, omdat ek my voorstel dat daaragter iets ontsettend belangriks skuil. Uiteindelik neem Simon dít tog van my aan, maar dít was 'n geweldige vergissing van hom. Want innerlik was ek 'n vyand van die wysheid van Salomo, wat hom uiteindelik tot afgodedienaar gemaak het.

[13] Nou wil ek weliswaar niemand meer bedrieg nie, maar ek wil my nou ook weer nie onnodig blootstel nie as iemand wat voorheen probeer het om die mense te bedrieg ten einde, eerlik gesê, ooit 'n egte Fariseër te word, wat gesien my strewende wat slegs drie dae gelede opgegee is, beslis nie gering was nie; want hoe meer skrande en verfynde 'n Fariseër is, hoe groter aansien het hy nou by die tempel.

[14] Ek wou eintlik tog al nie meer aan die hele dom geskiedenis dink nie en dít heel stilletjies heeltemal laat val het; maar omdat U, o Meester, my nou versoek het om die hele verhaal te vertel, het ek dít nou ook na waarheid gedoen en nou weet iedereen hoe dít daar met my staan en hoe dít daar nou met my is. Ek was in hierdie geval wel heel eiesinnig en daar was met my nie veel uit te rig nie; maar nou is ek volmaak in orde, herken die enigste ware lig van alle lewende, en sal ook nooit weer probeer om iemand te bedrieg nie.

[15] Indien ek my nou in teenwoordigheid van die Meester enigsins onvanpas gedra het, dan vra ek eers aan U, o Majesteit en Meester, soos ook aan al U vriende groot en klein, uit die diepste van my hart om vergifnis! Want ek wou deur my aanvanklike swye immers niemand nadeel berokken nie, maar slegs 'n bietjie my ou skande verberg. Dít kon egter hier voor U gewyde, alsiende oog nie meer deurgaans nie, en daarom het ek dan laat sien hoe ek was en hoe ek nou is. Daarmee is ek egter ook met wat ek ten nadele van myself te sê het, heeltemal klaar en van meer weet ek nie."